

Korrupte voormalige SSA ministers en hoëlui amptenare hoort in die tronk

Deur Dirk Stubbe LP – DA Skadu-adjunkminister vir staatsveiligheid

Geagte Voorsitter, Minister, kollegas en lede van die onderskeie veiligheidsentiteite,

Die vraag is: waar moet vandag se begrotingsdebat begin?

Die veronderstelling was dat die onderskeie jaarlikse prestasieverslae en -begroting van die staatsveiligheidsagentskap beter bekend as SSA, verdedigingsintelligensie (DI) en polisie-intelligensie (SAPS CI) tydig op geskeduleerde datums aan die staande komitee vir intelligensie (JSCI) voorgelê moes word, maar helaas is dit nie gedoen nie aangesien SAPS CI en die SSA nie aan die spertye voldoen het nie.

Dit is nie toevallig nie, maar is endemies aan die onvermoë om na behore te funksioneer en om die JSCI se oorsigfunksie in die wiele te ry.

Ten opsigte van DI is daar merkbare pogings om aan behoorlike verslagdoening te voldoen en moet sekere vereistes t.o.v. hul begroting aan die tesourie se voorskrifte aandag kry.

Wat SAPS CI aanbetref is dit duidelik dat die situasie ongesonde is. Die entiteit is twee keer deur die JSCI terug verwys nadat die Minister te kenne gegee het dat hy geen dokument onder oë gehad het nie en dat hy nie enige dokument afgeteken het nie, alhoewel sy handtekening op 'n dokument verskyn het.

Amptenare se goeie werk word ongedaan gemaak deur senior lede wat steeds in hul eie magstryd gewikkel is.

Die SSA is ook nie beter daaraan toe nie en hul begroting voldoen glad nie aan die vereistes wat die tesourie gestel het nie, wat meebring dat die jaarlikse prestasieverslag nie na wense is nie. Die afgelope paar jaar toon 'n merkbare verswakking.

As ons die situasie ontleed, het die agteruitgang alreeds in 2009 begin onder Minister Siyabonga Cwele deur sy goedkeuring van die s.g. Principal Agent Network (PAN) soos ingestel en beheer deur Adjunkdirekteur-generaal van operasies, Arthur Fraser. In sy termyn, het Jeff Maqetuka, Gibbon Njenje en Moe Shaik bedank omdat hul ondersoek na die Gupta-broers (wat al sedert 1993 as immigrante besighede in SA begin het) afgekeur is. Die vraag ontstaan of staatskaping nie sy ontstaan te danke het aan Cwele se versuim om op te tree nie.

Die agteruitgang is voortgesit deur Minister David Mahlobo van Mei 2014 tot Oktober 2017, Bongani Bongo van Oktober 2017 tot Mei 2018, Dipuo Letsatsi-Duba van Februarie 2018 tot Mei 2019, en Ayanda Dlodlo van Mei 2019 tot Augustus 2021.

Vyf ministers in 12 jaar, terwyl daar 7 DG's sedert 2009 tot nou aangewys is. Geen intelligensiediens kan funksioneer met so 'n omset van ministers en DG's nie.

Die toksiese situasie in die SSA het ontstaan toe Arthur Fraser as adjunkdirekteur-generaal met medewerking van Cwele en Mahlabo die s.g. PAN-projek gebruik het om groot bedrae geld te bekom vir verskeie (onwettige) operasies, onder meer Operasie Mayibuye waarvan R2 miljoen tot voordeel van Jacob Zuma was. Toevallig is Fraser in 2016 deur Zuma as DG heraan gestel.

Die misbruik van geheime fondse vir projekte is nooit gestaak nie. President Ramaphosa was genoodsaak om die hoëvlakhersieningspaneel (HLRP) aan te stel nadat sensitiewe inligting na die media gelek is.

Die HLRP onder leiding van Dr Sydney Mufamadi het ná deeglike ondersoek 'n verslag opgestel waarin feitlik alle ongerymdhede in die SSA ontbloom is. Ongelukkig is die tyd te min om al die vergrype aan staatsgeld hier te noem, maar in hul getuienis voor die Zondo-kommissie word gemeld dat R105 miljoen vir aankope van geboue voorgeskiet is, R244 miljoen vir 'n projek waar Thulani Dlome by betrokke is, asook R19 miljoen in kontant aan die vooraand van die ANC vergadering te NASREC. Mufamadi het ook getuig dat David Mahlobo kwitansies geteken het vir ongeveer R80 miljoen wat hy in kontant ontvang het.

Bogenoemde bedrae is nooit in enige begroting van die SSA openbaar gemaak nie.

Minister, soos reeds gesê, die Zondo-verslag verwys na vergrype deur senior personeel verbonde aan die SSA. Tot op hede was daar nog net ondersoeke en is niemand in hegtenis geneem nie, maar hulle was wel geskors met volle salaris. In kontras word 'n voormalige finansiële klerk wat skuldig gepleit het dat sy R170 000 gesteel het in hegtenis geneem en tronkstraf opgelê.

Minister, hoe regverdig is dit teenoor die belastingbetalers van Suid-Afrika dat swendelaars bestaande uit sommige ministers en hoëlui amptenare biljoene Rande misbruik het sedert 2018 en steeds in die SSA werksaam is?

Kan u die land verseker dat hierdie persone ook tronk toe sal gaan?

Ek dank u.